

Soek berigte oor myn se 'goeie werk'

Ek wil vra . . . Elandsfontein het al soveel positiewe dinge hier in ons omgewing laat gebeur sedert hulle koms, belê steeds in ons hele Weskus-gemeenskap waar nie net die Hoepelers by baat vind nie.

Hoekom word daar nooit enige melding van hierdie positiewe dinge in beriggewing gemaak nie? Hoe kan ons welvaart, werksgeleenthede en voedselkerheid vir ons mense verseker indien ons hierdie reuse-investeringe in ons munisipale gebied deur wil wys? Watter alternatief is daar vir ons wat hier bly?

Daar word baie gepraat oor toerisme. Wel, ek bly al jare hier en het van 'n jong ouderdom af regoor die Weskus gebou en ken hierdie gebied baie goed. Waar is die welvaart uit toerisme vir ons binnelandse inwoners?

Die Weskus Park lê teenaan ons, binne ons dorpsgrense, tog was min van ons inwoners al in die park want hulle kan dit nie bekostig nie, of het nie vervoer nie en baie weet nie eers waar dit is nie.

Vanoggend toe ek gaan krag koop by ons munisipale kantore, sit Lizelle Strydom stokstielalleen agter tralies op ons museum se stoep by 'n tafeltjie. Wag vir toeriste wat maar net nie kom nie want ons het niks om te bied nie. Net mooi paaie en infrastruktuur waarvoor ons baie hard baklei het.

Is die redaksie bewus van die ongelooflike voordeel wat Langebaan en die Weskuspark en ons omliggende boere uit die bou van die pad na die myn trek? Sou 'n verwoestende brand uitbreek, dien die pad as 'n brandbuffer en toegangsroete vir ons brandweer.

Weet die redaksie dat Elandsfontein sy eie brandspan en brandweertrok op die mynperseel het wat sal bystand lewer aan omliggende boere indien hier 'n brand sal uitbreek? Wat van die ongelooflike voordeel wat die hele

Weskus gaan trek die dag wanneer die myn klaar gemyn het en sy infrastruktuur met geboue en fossiele, wat andersins nooit ontdek sou gewees het nie, aan ons munisipaliteit oordra?

Weet redaksie dat Carols By Candelight in Desember deur Kropz geborg is? Geen berig daaroor nie. Geen woord oor die gesondheidsentrum op die mynperseel waar honderde werkers se gesondheid getoets en gemonitor word. Reeds is daar 'n lewe gered van 'n persoon wat nie eens geweet het hy/sy ly aan 'n dodelike mediese toestand nie.

Die opgradering van die Thusongsentrum van meer as R1 miljoen is geborg deur Kropz, waar kinders nou plek gaan hê vir onderrig in musiek. Die bewaring en aanteling van 'n baie skaars geneties suiwer Bontebokspesie, wat ontdek is op Elandsfontein, is begin. Wildbestuur word nou vir die eerste keer op Elandsfontein toegepas in samewerking met Universiteit Pretoria.

Wat van die suksesverhaal van 'n plaaslike taxi-eienaar wat met die vervoer van mynpersoneel nou reeds werk verskaf aan 12 drywers?

Daar is baie meer goeie nuus en welvaart wat die koms van Elandsfontein reeds stil, stil hier vermag het. Hoekom word nie van dié goed gepraat nie? Ek weet julle sê die mynbase gaan miljarde maak. Watter besigheid of besigheidspersoon sal enige belegging maak as hy nie kan dividende op sy belegging verdien nie? Kropz het tot dusver aan elke wettige vereiste voldoen en ope vergaderings met ons gemeenskap gehou. Hoekom hulle voortdurend aanval en deskundige mense se verslae in twyfel trek?

Nee, ek stem nie saam met ongebalanseerde beriggewing nie en vra ook die plasing van die goeie goed.

Jan Hanekom, HOPEFIELD

Ons neem kennis Jan. Red.